


# Graad 11/12 Taalkunde

**Deur:** Helena Greyling, Curro Bankenveld

Lees die resensie van die film *VIR ALTYD* uit die *Randburg Sun* van Februarie 2016. Volg die instruksies in hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer.



Vir die romantiese 1.1 (verslaaf – *gee die meervoud*) is hierdie film perfek en vir die 1.2 (verlief – *gee die korrekte vorm*) paartjies is hierdie film dalk 'n geleentheid om 'n ding of twee opnuut te besef. 1.3 (Vir die enkelopende kan hierdie film 'n motivering of 'n teleurstelling wees. – *skryf in die verlede tyd*). Hulle besef dat liefde soos in hierdie film dalk regtig net in 'n film voorkom.

Nina (Roberts) en Hugo (Botha) is beste 1.4 (maats – *gee die verkleining*) van kindsbeen af. Na Hugo wegtrek en Nina alleen is, neem hierdie film 'n onverwagte 1.5 (draai – *gee die sinoniem*). 1.6 (Na 'n eilandvakansie op Mauritius saam met twee heeltemal uitlopende paartjies kom Nina tot 'n groot besef. – *skryf in die toekomstige tyd*). Die 1.7 (liefdespad – *gee die verkleining*) maak soms snaakse en 1.8 (beplande – *gee 'n antoniem*) draaie met 'n mens.

Hierdie film het 'n 1.9 (diep – *skryf in die vergrotende trap*) betekenis vir mense wat hulleself toelaat om dit te sien. Die 1.10 (akteursvaardigheid – *gee die meervoud*) is van baie 1.11 (hoog – *gee die korrekte vorm*) gehalte. 1.12 (Befaaemde – *gee die sinoniem*) akteurs soos André Stolz, Elize Cawood en

Wilson Dunster maak hierdie film uitstekend. Die eiland en die oord waar die film geskiet word, laat die 1.13 (kyk – *gee die korrekte persoonsnaam*) soms vergeet dat hulle 1.14 (na / met / vir – *kies die korrekte voorsetse*) 'n Suid-Afrikaanse film kyk. 1.15 (Goed – *gee die korrekte vorm*) balans tussen komedie, met die 1.16 (snaakse – *gee die intensiewe vorm*) Sans Moonsamy en 1.17 (vreugde – *gee 'n antoniem*), soos wat die liefde soms maar is. Die klankbaan is baie goed met 'n verskeidenheid van musikante.

Die film is 1.18 (plek-plek / plek plek – *kies die korrekte spelling*) soetsappig en voorspelbaar. 1.19 (Dit is dalk nie die tipe film wat jou kêrel, man of vriend saam met jou sal wil kyk nie. Die liefdestema word soms oorbodig. – *verbind die sinne met OMDAT*)

As jy in die bui is vir 'n liefdesbelaaide film met die wens om moontlik iets te leer oor jou eie situasie, is die film perfek. 1.20 (Dit raak met tye 'n clichè. Hierdie film maak tog enige Afrikaanse kyker trots om Afrikaans te wees. – *begin met AANGESIEN*).

[20]

# MEMORANDUM

- 1.1 verslaafdes
- 1.2 verliefde
- 1.3 Vir die enkelopende kon hierdie film 'n motivering of 'n teleurstelling gewees het.
- 1.4 maatjies
- 1.5 wending
- 1.6 Na 'n eilandvakansie op Mauritius, saam met twee heeltemal uitlopende paartjies, sal Nina tot 'n groot besef kom.
- 1.7 liefdespaadjie
- 1.8 onbeplande
- 1.9 dieper
- 1.10 akteursvaardighede
- 1.11 hoë
- 1.12 Bekende
- 1.13 kyker
- 1.14 na
- 1.15 Goeie
- 1.16 skreeusnaakse
- 1.17 hartseer
- 1.18 plek-plek
- 1.19 Dit is dalk nie die tipe film wat jou kêrel, man of vriend saam met jou sal wil kyk nie omdat die liefdestema soms oorbodig word.
- 2.20 Aangesien hierdie film tog enige Afrikaanse kyker trots maak om Afrikaans te wees, raak dit met tye 'n clichè.



# GRAAD 12 IEB POËSIE

Deur: Helena Greyling, Curro Bankenveld

## VRAAG 1

Susan Boyle

Kobus Grobler

(uit *Toulopers*: saamgestel deur Jaco Jacobs)

- |  |  |
|--|--|
| 1. daar staan jy inskrywing 43212              | 8. jy is die grap van die jaar                 |
| 2. voor die pilatusse van Britain's got talent | 9. met die eerste woorde van I dreamed a dream |
| 3. aangeja soos 'n skaap                       | 10. het jy vanuit vernederende vooroordeel     |
| 4. miserable vaal in die lig verguis           | 11. hulle en miljoene ander op YouTube         |
| 5. die monobrou en kapsel raam                 | 12. in ongeloof laat aanskou                   |
| 6. jou vertelsel van 'n klein Nasaret          | 13. hoe jy jare se troeteltalent               |
| 7. Simon spot, skares jou uit:                 | 14. aan die hele wêreld skenk                  |

## VRAE:

Pas die korrekte letter in KOLOM B by die korrekte aanhaling in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer en die letter as antwoord, bv. 1.1 B.

KOLOM A	KOLOM B
1.1 "43212"	A. Alliterasie.
1.2 "Pilatusse"	B. Beoordelaars van Britians Got Talent.
1.3 "miserable vaal"	C. Sy is een van baie deelnemers.
1.4 "vanuit vernederende vooroordeel"	D. Sy is net 'n nommer.
1.5 "hulle"	E. Haar nederige herkoms.
1.6 "troeteltalent"	F. Musiekblyspel.
1.7 "aangeja soos 'n skaap"	G. Haar voorkoms is onopvallend en onaantreklik.
1.8 "klein Nasaret"	H. Beoordelaars en skare.
1.9 "I dreamed a dream"	I. Mense het nie verwag sy kan so mooi sing nie.
1.10 "ongeloof"	J. Haar sangtalent wat sy vir haarself gehou het.

[10]